VERJAARSDAE : 21 TOT 27 FEBRUARIE 2010

02/21	CHRISTO	VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	Blok 3
02/21	MARIÉ	VENTER	DF MALANLN 211A	Blok 2
02/21	TOI	COETZER	KRUGERLN 230	Blok 1
02/22	KRUGE	ROELOFFZE	DF MALANLN 29	Blok 3
02/23	CHLÖE	BLIGNAUT	KRUGERLN 141	Blok 3
02/23	KARIEN	FERREIRA	HANS STRIJDOMLN 193	Blok 2
02/23	ELNA	BADENHORST	MAPLE MEWS 15	Blok 4
02/23	CHRISTIAAN	VAN NIEKERK	MONT VALON 26	Blok 4
02/24	YOLANDA	BOOYSEN	VAN RIEBEECKLN 142	Blok 3
02/24	ISABEL	VAN ROOYEN	8 MT CROSSON CLOSE	Blok 4
02/24	MAGDA	FOURIE	KRUGERLN 90	Blok 3
02/25	LIKA	BOOYSEN	VAN RIEBEECKLN 142	Blok 3
02/25	NANCY	ALBERTS	MOLTENOWEG 42	Blok 2
02/25	LOURENS	STRUTHERS	PROTEA AFTREEOORD 114	Blok 4
02/27	HETTIE	VAN DER WATH	HANS STRIJDOMLN 15	Blok 4

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan Hettie vd Wath, Hans Strijdomln 15 wat Saterdag, 27 Februarie haar 81ste verjaarsdag herdenk. Mag u die vrede, vreugde en genade van God ryklik ervaar in die nuwe lewensjaar.

HUWELIKHERDEKINGS : 21 TOT 27 FEBRUARIE 2010

WOENSDAG, 24 FEBRUARIE			
	RYNO EN ANNALIZE VAN STADEN	CANTONMENTSWEG 11	Blok 2
DINSDAG, 23 FEBRUARIE			
	HENNIE EN MADELAINE STEYN	DF MALANLN 249	Blok 1
WOENSDAG, 24 FEBRUARIE			
	CHRISTO EN SUSAN VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	Blok 3

NAZ OF ALL TRADES ...

'n Aandjie uit? Ek kan na jou kinders kyk.

Weg vir die naweek? Ek sal die diere oppas ... asook die huis!!!

Ek kan selfs deur die week help.

Ek is 18 jaar oud en het verwysings.

Skakel Nariza Anderson: (012) 664 7939

Sel: 072 957 9726

ONS NOOI U REEDS NOU AL UIT NA 'N PAASSANGDIENS SONDAGAAND 18 APRIL 2010 MEER BESONDERHEDE SAL LATER DEURGEGEE WORD.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 21 Februarie 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 21 FEBRUARIE

Deurkollekte Motorwag
Agenda Kerkraad

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam

MAANDAG, 22 FEBRUARIE

19:00 Bedryfspanvergadering (saam met die Bestuurspan)

DINSDAG, 23 FEBRUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Alphakursus

WOENSDAG, 24 FEBRUARIE

17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 25 FEBRUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 28 FEBRUARIE

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam

MAANDAG, 1 MAART

19:00 Bedieningspanvergadering

DINSDAG 2 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30 Alphakursus

WOENSDAG, 3 MAART

17:00 Biduur

DONDERDAG, 4 MAART

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 5 MAART

10:00 Wêreldbiddag vir Vroue
18:00 Jeug: OppiKoffie

SATERDAG, 6 MAART

Wêreldbiddag vir Manne

SONDAG, 7 MAART

09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Frieda Collins, Stormstr 259a wat die afgelope week 'n ernstige knie-operasie ondergaan het (Blok 4).
2. Anton en Marietjie Vorster, Krugerln 3 met Marietjie wat tuis aansterk (Blok 4).
3. Michiel en Esmarie van Niekerk, Mont Valon 26, Von Willighln 166 met Esmarie wat 'n ernstige operasie ondergaan het en nog geruime tyd in die hospitaal gaan wees (Blok 4).
4. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder wat ernstig siek is (Blok 4).
5. Willie en Tania Neü, Krugerln 250 met Tania se moeder wat ernstig siek is (Blok1).
6. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan wat nog behandeling ondergaan (Blok 2).
7. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat nog voortdurende rekonstruksie-prosedures ondergaan na die kaping (Blok 1).
8. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS 4 met Pieter wat behandeling vir kanker ondergaan (Blok 1)
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2010—23 Maart 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op.
Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik
om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

BEGRAFNISBEDIENING
Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis 'n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING
Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN
Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou 'n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente?
Moenie huiwer om te skakel nie.
Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Vier werksinkels hierdie jaar:
20 Februarie 2010 (08:00—16:00)
15 Mei 2010 (08:00—16:00)
28 Augustus 2010 (08:00—16:00)
23 Oktober 2010 (08:00—16:00)
Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word; kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur: 'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met "omgee-harte" nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP
Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK
Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR
Kom ons help mekaar om ons talente en gawes
te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm in die middelblaaie van die Herout in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel
Kontak Frik Strydom 082 4453784

VOEDSELBEDIEING
Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.
Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING
Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING
Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, 'n besoek af te lê of 'n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …
Kontak Hardus du Preez 0828871364

Lianie May
DONDERDAG 25 FEBRUARIE 2010
19:00 vir 10:30 : R50.00 per persoon
KERK SONDER MURE OUDITORIUM
Ten bate van Huis Gideon—Plek van Veiligheid
onder leiding van
NG GEMEENTE LYTTELTON-NOORD
Kaartjies beskikbaar Kerkkantoor Lyttelton-Noord
Tel: 012 664 2919/012 664 6695
(Beperkte voorraad kaartjie beskikbaar by Lyttelton-Oos se inligtingstafel tydens tee na die diens)



Lydenstyd

'n Tyd vir verootmoediging en hertoewyding.
17 Februarie tot 3 April 2010

Belangrike datums:

Sondag 28 Maart om 09:00—Palmsondag
Donderdag 1 April 19:00—Nagmaal
Vrydag 2 April 09:00—Goeie Vrydagdiens
Sondag 4 April 09:00—Opstandingsondag

KEN-MEKAAR

Ons wil graag verseker dat die gemeente mekaar ken en daarom wil ons voor die einde van die jaar almal voorstel aan die gemeente.

Dit verseker beter omgee, opregte belangstelling en 'n gevoel van behoort in die gemeente.

In die verloop van die jaar sal almal gekontak word vir 'n foto van elke lidmaat of gesinne, indien daar nie 'n foto beskikbaar is nie, sal ons 'n afspraak maak om een te neem. Indien julle wel fotos beskikbaar het, stuur dit asseblief vir Mariana Strydom by mstrydom@sifuna.co.za of kontak haar by 082 451 5811 om fotos te kom afhaal.

GEBEDSBRIEF : SONDAG 21 FEBRUARIE 2010

Liewe gemeente

Ek het hierdie gedeelte ontvang van 'n vriendin en wil dit graag met u deel. Jammer dis in Engels maar ek is seker u sal net soveel waarde daaruit kry soos ek.

Ps.46:10 "Be still and know that I am God". - so many times we make situations more than they are due to our enxiety.

CALM DOWN! God has your life under control; He knows how to handle even the seemingly complex situation with ease.

BE QUIET! Stop having pity parties and talking about your business all the time; don't you know that the power of death and life is in the tongue! Stop speaking negative things into existence in your life and in others.

QUIT TRIPPIN! When you look at your situations through your eyes, you often read more into the situation than what there is. It's not as bad as you think particularly if God is in your life; stop over analysing your life.

BE COURAGEOUS: 2 Tim 1:7 - "For God hath not given us the spirit to fear; but of power, and of love, and of a sound mind." Fear is not of God. Have the courage to step out on faith and do the seemingly impossible. Start your own business; go into the ministry; apply for that promotion; anything you've been afraid to do and you know that God has called you to do - JUST DO IT!

HAVE CONFIDENCE... Philip. 4:13 "I can do all things through Christ which strengthens me." Remember, greater is He that's within you than he that's in the world. You have the power of the most High God working in you, and you have His Son steadily making intercession for you. You have nothng to worry about! Walk with your head up! You say you have low self-esteem; somebody told you that you'd never amount to anything; the devil is a liar! Know that you are somebody not because Jesus said it, but because you are a child of The King!!

WALK IN THE VICTORY! Rom 8:28 "And we know that all things work together for good to them that love God, to them who are the called according to His prupose." Does anything else need to be said?

The jury has been out and the verdict is in - YOU WIN!

In your finances - YOU WIN!
On your job - YOU WIN!
In your relationships - YOU WIN!
In your health - YOU WIN!
God has already worked it out for you. It may not come the way you think it should come (or when you think it should), but remember - CALM DOWN, BE QUIET AND QUIT TRIPPIN!
Do not ask the Lord to guide your footsteps, if you are not willing to move your feet. Be Blessed TODAY!!

Groete : Die Gebedspan

- In die besluitnemingsproses is daar normaalweg die volgende oorwegings waarop gefokus word:

Aborsie:	vrae hieroor word beantwoord en berading (voor en/of na) oor die implikasies daarvan op jou emosionele gemoeds-toestand nou en in die toekoms.
Ouerskap:	wat is ouerskap? Eise en verantwoordelikhede, probleme, impak op my lewe, (realiteitsbeeld) wetlike aspekte, rol van biologiese vader en finansiële aspekte.
Aanname:	wie is die aanneemouers, voorbereidingsproses van aan-neemouers, passingsproses, ontmoeting met aanneem-ouers, geboorteproses, wetlike aspekte, navrae in die toekoms en nasorgprogram.
Pleegsorg:	wat is pleegsorg, wetlike aspekte, verantwoordelikheid teenoor baba, rol van pleegouer.

Daar is dus hoop en verskeie opsies om te oorweeg vir die swanger tiener of enige ander persoon wat met ‘n onbeplande swangerskap gekonfronteer is. Ons kry die versekering in die Bybel dat daar nie ’n haartjie van ons koppe sal val sonder dat ons Goeie Vader daarvan bewus is nie. Wend jou ook tot Hom en Hy sal die nodige troos en leiding voorsien.

ANNE-MARIE DE BRUYN
AANNEMINGS EN ONGETROUDE OUERSORG
CMR GAUTENG OOS
2010/02/04
Tel: [012] 361 4613/19

RUSOORD : MÔREMARK—27 MAART 2010

Ons benodig weer baie items vir ons witolifanttafel. Ons vertrou dat u gemeentelede weer ruim sal bydra. Hulle kan alle items wat tuis in onbruik geraak het, vir Rusoord skenk. Ons neem enige iets.

Ons benodig ook koeke en gebak vir die koektafel. Is daar dalk iemand wat kan help? Indien ons bestanddele kan kry, sal ons reël dat daar gebak word.

Baie dankie vir u bystand om die versorging van verswakte bejaardes, moontlik te maak.

Rusoord groete. Joggie Pretorius

WÊRELDBIDDAG VIR MANNE

Die wêreldbiddag vir manne vind plaas op SATERDAG, 6 MAART 2010 in samewerking met Monumentpark-Wes Gemeente. ‘n Ligte ontbyt word aangebied. Die spreker vir die geleentheid se naam sal later deurgegee word. Skakel Johan Bauer vir meer inligting: Tel 012 664 2230/083 305 3768

OMSENDBRIEF CMR : 2010/02/04

WAT NOU?? MY TIENER IS SWANGER!!!!

Normaalweg word die nuus van 'n swangerskap gewoonlik met groot blydskap en vreugde begroet en is dit waarskynlik lank vooruit deur 'n betrokke paartjie beplan. Alles word in gereedheid gebring vir die kleinding se koms en twee mense gaan 'n gesin en ouers word. Hiermee ook die vervulling van 'n droom en oumas, oupas en familie is ewe opgewonde.

In skrille kontras hiermee staan die jong moeder wat onbepland swanger geraak het. Gevoelens van skok, woede, hartseer, teleurstelling en ontkenning neem onder andere van haar besit. Geskokte ouers worstel eweneens met honderde vrae. Dit voel asof 'n mat onder hulle voete uitgepluk is.

Na dié aanvanklike gevoelens tree die volgende fase in van planne maak. "Waarheen nou," "vir wie moet ek sê" indien haar ouers nog nie bewus is van die swangerskap nie, "wat gaan ek doen?" is maar enkele van die vrae wat deur haar kop maal. Sy betree nou die realiteitsfase van besluite wat geneem moet word. Die besluitnemingsfase vra baie geestesenergie van so 'n persoon en word nie binne 'n kort tydjie geneem nie. Sy word dikwels gekonfronteer met vele verskillende opinies van ouers, familie, vriende, die biologiese vader van die baba, en vele meer. WAT?! WAT?!

So maklik as wat dit was om swanger te raak, so moeilik is dit dikwels om te weet wat die volgende stap in die proses is. Gelukkig is daar genoeg kundiges wat onder meer deur die CMR beskikbaar is om ouers en swanger dogter deur hierdie krisis te begelei. Dit is nou eerstens belangrik om die betrokkenes die gerusstelling te bied dat daar wel 'n lig aan die einde van wat vir hulle soos 'n lang donker tonnel voel, is. Daar is dus HOOP om 'n oplossing te vind vir 'n situasie wat nou soos 'n reusehand voel wat hoop uit jou pers.

Kom ons kyk egter na wat so 'n gesin kan verwag van die maatskaplike werker wat hulle nader vir begeleiding.

- Soos bo genoem, is die **eerste onderhoud** daarop gemik om die gesin/ swanger dogter, die gerusstelling te bied dat daar hoop en uitkoms is.
- Die afspraak by die dokter is eerste prioriteit sodat ons die stadium van die swangerskap kan bepaal. Al die rolspelers word by die hulpprogram betrek en al die opsies waaroor die biologiese moeder beskik word aan haar voorgelê.
- Die **wetlike aspekte** word intensief bekyk met die beste belange van die baba as fokus. Die jong tiener is op verskeie vlakke nog nie werklik gereed vir die formidabele taak van ouerskap nie.
- Die **biologiese moeder** word ook voorberei op die kraamproses en die emosies wat sy kan verwag om te ervaar. Indien daar enige hofverrigtinge sou volg, word die proses ook deeglik met haar deurgewerk sodat sy daarop voorbereid sal wees.

OMSENDBRIEF AAN JEUG-OUERS NO 5

Liewe Jeug-Ouers

Net ter inligting: Ek glo al ons kinders het nou hulle T-hemde. Dit word elke laaste Sondagoggend en -aand gedra asook elke eerste Sondagoggend en -aand van 'n maand. Verder ook op uitstappies as daar gereël word en by die Parknaval.

Ons wil hierdie jaar 'n spesiale Parknaval reël waar die kinders weereens oral betrokke gaan wees. Ons het ouers asook jongmense nodig om met nuwe idees na vore te kom. Ons sal u laat weet wanneer die eerste vergadering gehou sal word.

Met Paasnaweek se Sangdiens gaan die kinders, klein en groot, ook betrokke wees met die verrigtinge. Ons sal met die kinders gesels sodra die tyd reg is.

Ons belydenisklas ouers - ons doen op u 'n beroep om u hulp aan te bied veral by die kuiergedeelte na die tyd in die saal. U kan gerus vir Gerda Odendaal skakel en hoor waar hulp nodig is. Ons gaan die aand baie spesiaal maak vir u kind se belydenisflegging

Jesus Groete
Madelaine Steyn

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE : 5 Maart 2010, 10:00

Centurion-Wes Presbiteriaanse Kerk is die gasvrou gemeente in Centurion vanjaar. Die biddag is op 5 Maart 2010 om 10:00 en ons adres is Alettalaan 186, Raslouw. Alettalaan draai links uit Ruimteweg as jy in 'n westelike rigting ry, net nadat jy Rooihuiskraalweg gekruis het. Dit is naby die Mall @ Reds en naby Ruimteweg en Rooihuiskraalweg.

Die GPS ko-ordinate is Garmin: S 25 52.03 48 - E 28 07. 53 34.

Die tema van die program is:

"ALLES WAT ASEM HET, LOOF, LOOF DIE HEER!"

Dit is vanjaar voorberei deur die Komitee van die Vroue Wêreldbiddag van Kameroen. In Suid-Afrika sal dit die 80ste Wêreldbiddag vir Vroue wees.

Notas wat ter uitbreiding van die program dien, is beskikbaar by Max—telefoon: 012 664-3629.

GROOT, GROOT ASSEBLIEF …

Daar is so baie bakke en ander gebruiksartikels in die kombuis wat nie aan die kerk behoort nie. Sal persone wat enige iets uit hul kombuise "vermis" nie asseblief na die diens in die kombuis gaan kyk of dit nie daar behuisves word nie?

Verskeie versoeke is al gerig en die besluit is nou geneem dat indien hierdie artikels nie opgeëis is teen SONDAG 7 MAART nie, dit aan die Getuienis-aksie se rommelverkoping-projek geskenk sal word vir verkoping by hulle volgende verkoping. Baie dankie vir almal se samewerking.

KLUB IMMERGROEN

Saterdag, 13 Februarie 2010

Klub Immergroen se oggendtee van Saterdag 13 Februarie 2010 was die eerste funksie vir 2010.
Met die inkom in die sentrum het lede dadelik die Valentyn-atmosfeer aangevoel! Alles mooi keurig en kleurvol. Die immergroen Ernie Muller het gesorg vir agtergrond musiek soos wat net hy dit kan doen!
Na ds Freddie Schoeman se Skriflesing, kort boodskap en gebed, begin die verrigtinge wat deurgaans die afgelope jaar se uitstappies geskets het deurmiddel van voorlesings deur Toeks Steyn, Thea Neser, Ria Maree en Alet Venter. Hieruit kon die gehoor gou agterkom hoe gewild die uitstappies was. En hoe het almal teenwoordig nie Alet se voordrag “TOE DIE WêRELD NOG JONK WAS” van AG Visser nie geniet nie!!
Dan was daar die pragtige sang van Dolly Pienaar met begeleiding deur Susan Scholtz van Kloofsig wat heel besonders die verloop van die lewe na oudword geskets het!
Die voorsittersverslag het al die ander aktiwiteite van die jaar weergegee en hieruit kon ’n mens agterkom dat daar nie op die louere gerus was nie! Alle geleenthede deur die jaar het van fyn beplanning en aanbieding getuig.
Ds Schoeman het die verkiesing van die nuwe bestuur waargeneem en korte mette is hiervan gemaak toe daar eenparig besluit is dat die voorsitter, ondervoorsitter en bestuurslede in geheel weer netso verkies word. (Nie dat hulle enige sê daarin gehad het nie!).
Nadat ds Odie die bedankings en ’n gebed gedoen het, is heerlike verversings en tee/koffie geniet. Almal het heerlik gesels en gekuier in ’n atmosfeer van rustige, strelende musiek voordat daar ietwat traag afskeid geneem is en die bestuur die opruimwerk gedoen het.

DANKWOORD VAN DIE VOORSITTER …

Baie dankie weereens aan Klub Immergroen se komitee vir ’n baie mooi oggendtee op Saterdag 13 November 2010.

Dankie vir al julle moeite en opoffering om dit so suksesvol te kon hou. Die eetgoed was heerlik en smaakvol en die saal was so mooi versier met ’n tikkie Valentyns-gevoel!

Graag wil ons ook die lede bedank wat dit kon bywoon. Dit maak vir ons dit lekker en die moeite werd.

FONDSINSAMELING:

Datums vir koeksisters: Woensdae: 09:00
24 Februarie, 3 Maart, 24 Maart (verdere datums sal nog bepaal word).

Datums vir bak van Jaffels: Vrydae: 08:00
16 April (verdure datums sal nog bepaal word).

Rina van der Merwe

TUINPROJEK
“GROEN VINGERPROJEK”
Nuusbrief

Die kerk kan nie geld beskikbaar stel vir die tuinprojek nie. Op aanbeveling van die Bedryfspan wil ons vra of van die gemeentelede nie ’n plant wil borg nie?

Die volgende plante is nodig vir die voorste plantbak:

7 Duranta repens (mopkoppe - met lang stam) teen R100.00 elk.
8 Duranta repens variegata (5 liter) teen ± R20/R30 elk.
5 Franse lavender teen ± R30/R40 elk

Sou u ’n plant wou borg, kontak asseblief vir:

Helet van der Walt by 083 556 0532
Gerda Odendaal by 012 664-6526

Hartlike tuingroete!

BLOMME, PLANTE VIR DIE EREDIENSTE
TOEWYDINGSPROSES - EREDIENS

Die gemeente is in ’n proses van herstrukturering waartydens gemeentelede vrywillig verantwoordelikheid neem en volgens hul talent en belangstelling betrokke raak. So ook met die blomme of plante tydens die eredienste.

’n Komponent van die erediens wat uit God se skepping kom en aan Hom nog verdere eer en dankbaarheid kan bring is PLANTE OF BLOMME in Sy huis!!

Dit is met opgewondenheid dat ons nou kan bekendmaak dat ERIKA PIENAAR ingestem het om as KOÖRDINEERDER vir die blomme of plante in die kerk op te tree.

Ons gaan ’n nuwe benadring volg omdat daar nie geld beskikbaar is vir blomme in die kerk nie. Sou enige gemeentelid dalk ’n bos blomme in die huis of in die tuin het, bv. rose, varkore, krismisrose, orgideë of clivias, ensovoorts in die tuin, KOM DEEL DIT ASSEBLIEF VIR ’N SONDAGOGGEND MET ONS.

Skakel dan vir Erika Pienaar en tref ’n reëling met haar asook met Willem Scholtz, ons koster.
Enige persoon wat graag met blomme of loof rangskik of wat plante beskikbaar het, KONTAK ASSEBLIEF vir

BLOMME/PLANTE RANGSKIKKINGS KOÖRDINEERDER

ERIKA PIENAAR : (012) 664-4685 / 082 319 3543

Skakel haar ná 08:00-10:00 of ná 20:00